CACHET APTEEK
Groot genoeg om u te bedien.
Klein genoeg om u te ken.
★
DIE STUDENTE-APTEEK

die WAPAD
Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O. — In U lig sien ons die lig.
JAARGANG XXX — VRYDAG, 13 MEI 1975 — Nr. 8

PUKKE!
vir al u kleurbaadjies
Johan Claassen Broers
(Edms.) Bpk.
Tel. 3612,
POTCHEFSTROOM.
Kerkstraat 92.
Tak: Tomstraat 100.

# Pops nog in gate dié massa beste ooit

Deur Attie Gerber

**„EK verwerp Pops geheel en al en sal teen dié mense veg so lank as wat ek kan. Pops is skynheilig en bang."**

So het mnr. Marius Schalekamp, Studenteraadsvoorsitter, verlede Maandagaand tydens 'n massavergadering aan sowat duisend Pukke in die Totiussaal gesê.

Mnr. Schalekamp het dit duidelik gestel dat dit sy persoonlike mening is en dat dit nie noodwendig die mening van die Studenteraad verteenwoordig nie.

### C.H.O.

Mnr. Schalekamp het Pops, wat steeds anoniem bly, daarvan beskuldig dat dit nie hul doel is om die Christelike beginsels van die Puk uit te leef nie. „Pops wil die C.H.O uit die weg ruim", het mnr. Schalekamp gesê.

Mnr. Schalekamp het ook gesê: „Pops wil die Studenteraad uit die weg hê, maar hulle is te lig daarvoor".

Volgens mnr. Schalekamp gebruik Pops dieselfde metodes as die rewolusionêre studente oorsee om die bestaande orde, in hierdie geval die Afrikanerdom, tot 'n val te bring.

„En ons as Afrikanerstudente kom weer derde deur te doen wat ander doen. Dit is volksgevaarlik, hierdie mense wil Potchefstroom, een van Afrikanerdom se sterk vestings, tot 'n val bring", het mnr. Schalekamp gesê.

### KOERANTE

Volgens mnr. Schalekamp gebruik Pops die kommunikasiemedia om die Puk swart te smeer.

Suid-Afrika se grootste Afrikaanse koerant, het ook deurgeloop. Volgens mnr. Schalekamp het die rektor aan hom gesê dat die „Ape"-storie in dié koerant heeltemal uit verband geruk is.


Volgens mnr. Schalekamp het die rektor aan die verslaggewer van die koerant wat hom (die rektor) oor die omstrede Vyfminute van Korps genader het, gesê dat „enige aap afleidings kan maak".

Mnr. Schalekamp het ook ge-

★ *Vervolg op bl. 3 kol. 1*



. . . Schalekamp . . . Pops wil die C.H.O. verwyder . . . ek sal teen hulle veg so lank as wat ek kan . . . (Foto: Fotokuns.)



. . . Pienaar . . . dit is nou hoog tyd dat daar ondersoek na 'n verteenwoordigende studenteraad ingestel word . . . (Foto: Fotokuns.)



. . . Van Schaik . . . ek daag die teenkantpraters om hul saak voor die massa te kom stel . . . (Foto: Fotokuns.)

## Transvaler
# Blad per week

**DIE moontlikheid is sterk dat een van Suid-Afrika se grootste Afrikaanse oggendblaaie, Die Transvaler, binnekort een bladsy per week aan die Puk en Potchefstroomse Onderwyskollege (Pote) gaan afstaan.**

Blykbaar beoog Die Transvaler dat artikels en berigte uit die studente van albei akademiese inrigtings moet kom.

Die blad sal waarskynlik onder leiding van 'n studenteredakteur staan. Studente wat bydraes lewer, sal ook vergoed word. As die loods van so 'n blad goedgekeur word, sal veral die Puk se fotograwe die geleentheid kry om 'n ekstra te verdien.

# SPIETKOP SÊ GEEN PROBLEME

J. Wierenga

**GOEIE samewerking. Geen probleme. Aldus mnr. Lourens Lemmer, die uniformlose verkeersman van die Puk.**

Sedert 7 Maart is 401 boetekaartjies uitgeskryf. 'n Baie klein persentasie hiervan is nog nie betaal nie. Die meeste oortredings geld parkering op ongeoorloofde plekke. Parkering op die kampus sonder 'n toestemmingskyfie is 'n ander oortreding wat die wittetjies laat wapper.

Op die vraag of die personeel heelwat oortredinge begaan — net om dié studente te troos wat al 'n kaartjie gekry het — het mnr. Lemmer glimlaggend geantwoord dat studente soms die personeelparkeerplekke vol parkeer. Die personeel word dan gedwing om op ongeoorloofde plekke te parkeer. In sulke gevalle gebruik hy sy diskresie.

'n Rekord word geopen vir elke persoon wat 'n verkeersoortreding begaan. Só kan alle vorige oortredinge gekontroleer word. Altesaam 75 rekords is al vir Potchefstroommotors geopen.


'n Eerste en 'n enkele oortreding sal die oortreder R2 uit die beursie jaag. 'n Dubbele oortreding op een slag word met R3 beboet. Herhaalde oortredinge word beboet met inagneming van die persoon se rekord. Die maksimumboete wat tot dusver opgelê is, is R3. 'n Mens kan mnr. Lemmer inderdaad nie in 'n dreigende of vervolgende lig sien nie.

Studente wat sonder 'n toestemmingskyfie parkeer, se identiteit word opgespoor deur die registrasienommer van die voertuig na die plek van registrasie op te stuur.

Alle studente wat onseker is oor die verkeersreëls op die kampus, moet met mnr. Lemmer daaroor gesels. Die briljante verskoning van „ek het nie geweet nie" sal geen hond haaraf maak nie. Buitendien — saam met elke toestemmingskyfie word 'n verkorte weergawe van die verkeersreëls gegee. Dit help ook nie om te

★ *Vervolg op bl. 3 kol. 6*

BULT-APTEEK
ONS KEN U BENODIGDHEDE
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 89B en C — Tel. 5943 en 3377
STUDENTE APTEEK
—WP




So lyk die skaalmodel van die nuwe studentesentrum waarvan die bouwerk onlangs begin het. Mens kan duidelik die groot amfiteater sien. Die straat op die voorgrond is Hoffmanstraat. Regs is die Chemiegeboue. Die foto is deur oom Piet Fotokuns geneem.

★ *Vervolg van bladsy 1*
sê dat hy die hare-kwessie met die rektor opgeneem het. Die rektor sal op die volgende Senaatsvergadering dié saak aan die Senaat voorlê. Mnr. Schalekamp het dit ook duidelik gestel dat hy geen beginselbesware teen lang hare het nie, solank dit netjies is.

**WAPAD**

Op 'n vraag of sensuur deur die Studenteraad op die Wapad toegepas word, het mnr. Schalekamp gesê: „Enige Puk kan sy standpunt in die Wapad stel. Daar is absoluut geen sensuur ten opsigte van standpunte solank hierdie standpunte nie banaal is nie".

**VERTEENWOORDIGEND**

Mnr. Louis Pienaar, primarius van Over-de-Voor het ook op dié vergadering die kwessie van 'n verteenwoordigende studenteraad te berde gebring.

Mnr. Schalekamp het geantwoord dat daar in die rigting beweeg word om almal wat al ses maande op die Puk is, stemreg te gee.

Mnr. Pienaar het later 'n mosie in dié verband ingedien en 'n kommissie van ondersoek van die Studenteraad sal nou dié saak ondersoek.

**SPIETKOP**

Ook die Puk se verkeerkonstabel, mnr. Lourens Lemmer, het deurgeloop. Mnr. Gert Cilliers, Eerste Minister van Tarentaal, het teen die stelsel van toestemmingsbewyse te velde getrek en gesê dat baie Pukke nie dié bewyse kan kry nie omdat hulle kwansuis laat aansoek gedoen het.

**SLAPSTE MASSA**

Mnr. Ben du Toit, 'n bekende uit Alabama-kringe, het in 'n vurige pleidooi die Pukke die slapste massa wat hy nog gesien het, genoem.

„Julle voeka-vaka, voeka-vaka net die heel tyd en doen niks nie", het mnr. Du Toit gesê.

**TEEKANPRATERS**

Mnr. Leo van Schaik, oud-studenteraadslid, het die teekanorators daarvan beskuldig dat hulle te bang is om hul standpunte op die massavergaderings te stel en hulle uitgedaag om dit te doen.

Mnr. Van Schaik het ook teen die mense wat negatiewe inligting oor die Puk aan die pers verskaf, te velde getrek en gesê dat hulle die Puk in 'n swak lig wil stel.

● Mnr. Schalekamp het die Pukke gevra om hulle standpunte te bring sodat griewe uit die weg geruim kan word.

# REDAKTEURS VAN STUDENTEBLAAIE SAAM OP TUKS

**TUKS is in die besonder bevoorregte posisie om vanjaar as gasheer te kan optree vir die nasionale konferensie van studenteredakteurs wat van 13 tot 15 Junie gehou sal word.**

Volgens mnr. Hendrik Kotzè, Voorsitter van die reëlingskomitee verloop die voorbereidings vir die byeenkoms besonder vlot.

As alles volgens plan verloop behoort die afgevaardigdes, twee uit elke sentrum op Vrydag, 13 Junie om 15h00 te arriveer. Hulle sal dan tydens 'n bier en braai geselligheid die geleentheid kry om die S.R. van Tuks te ontmoet.

**SKEMERKELKIE**

Die aand word daar om 19h30 'n openbare bespreking gevoer oor aspekte van die persmetodiek soos die tegniese versorging van 'n koerant en objektiewe nuusdekking. Twee bekende koerantmanne sal by die geleentheid as sprekers optree. Die Tukkies is almal hartlik welkom om die besprekings by te woon. Die aand word afgesluit met 'n skemerkelkie vir die afgevaardigdes. Die volgende dag word daar heeldag konferensie gehou. Om die besprekings te laat vlot is die verskillende onderwerpe aan verskillende kampusse toegewys vir deeglike voorbereiding.

**KOLLEGES**

Bladuitleg is toegesê aan die Universiteit van Kaapstad en die Universiteit van die Oranje Vrystaat. Taalversorging en artikelkwaliteit word behandel deur die PU vir CHO. Wits en UP behandel die perskode. Finansiering en advertensies word deur Stellenbosch en Rhodes gedek, nuusuitruiling deur RAU en Durban en nuusdekking en dagperskakeling deur UPE. Aangesien dit die eerste keer is wat Kolleges die konferensie bywoon is daar geen onderwerpe aan hulle toegesê nie.

Die Saterdagaand word op gesellige wyse afgesluit deur 'n groot dinee.

Die Sondagoggend word diegene wat nog nie vertrek het nie op 'n besigtigingstoer van Pretoria geneem.

# Silwer vir Saal en Transvaal

**DIE laaste van dié seisoen se aktiwiteite wat snelroei betref is die naweek van 15 tot 17 Mei gehou, naamlik die S.A. kampioenskappe. Dit is soos in die verlede by die Rhoodeplaatdam te Pretoria gehou. Verskeie oorsese roeiers het ook deelgeneem.**

Saal de Jager, lid van die Transvaalspan, het tot die finaal deurgedring. In die finaal het hy 'n vierde plek behaal, wat een posisie beter was as die vorige jaar. Saal het saam met Rassie Erasmus ('n oud-Puk) aan die K2-item deelgeneem. Ongelukkig vir hulle kon hulle nooit saam oefen nie en was die kompetisie te sterk om iets uit te rig. In die K4-item het Saal saam met die Transvaalspan 'n silwermedalje verwerf.

Onder die beginners het Sam Pellissier en Thinus de Jager hulle gewig ten volle ingegooi. In die 1 000 m K1-uitdunne het Sam 'n derde en Thinus 'n vierde plek behaal. In die finaal kon hulle nie die pyp rook nie. Die twee sal u binnekort op televisie te sien kry en in 'n baie ongemaklike posisie — hul kano het in die 5 000 m K2 omgeslaan en hulle moet met die boot kant toe swem. 'n Kombinasiespan van Tuks en Pukke het in die 500 m K4 'n derde plek behaal.

**WILLEM VAN RIET**

Hierdie bekende kanovaarder het die klub onlangs met 'n besoek vereer. Soos u seker weet is hy 'n Springbok. Die oggend het hy 'n akademiese lesing gehou en die middag het hy 'n praatjie en 'n skyfievertoning oor sy wedervaringe op ons land se riviere gehou.

Hy het skyfies oor sy rit op die Kunenerivier, nog nooit voorheen met 'n kano bevaar nie, vertoon. Die rit het hulle vyf weke geneem. Hulle moes soms myle vooruit verken om nie toevallig deur 'n waterval verras te word nie.

(Berig effens verkort — Red.)

# A.S.B.: MIN PUKKE NEEM OOR OP ALLEMANS

**GEDURENDE die naweek van 31 Mei het die Universiteit van die Oranje-Vrystaat die ASB-aktualiteitskonferensie te Allemanskraal aangebied.**

Twee baie belangrike verslae wat tans baie aandag geniet, naamlik dié van die Van Wyk de Vries-kommissie en die Schlebusch-kommissie, het ook onder die soeklig gekom.

Ds. Deon Hugo, bekende Suid-Afrikaanse kerklike, het 'n waardebepaling van die Van Wyk de Vries-kommissie gedoen. Advokaat Kobie Coetzee het grepe uit die Schlebusch-kommissie behandel. Daarna is dié twee onderwerpe vir kongresgangers oopgestel.

**TELEVISIE**

Televisie het ook onder die soeklig gekom en 'n ou bekende op die Pukkampus, Gerrit Coetzee, het die woord in 'n ligte trant gevoer.

Sondag het die kongresgangers 'n gesamentlike erediens bygewoon en daarna na hul onderskeie kampusse teruggekeer.

**LAAT GELD**

Volgens mnr. Fanie Mulder, een van die Puk se afgevaardigdes, was dit 'n hoogs suksesvolle kongres vir die Pukke wat dit bygewoon het.

„Die handjievol Pukke wat teenwoordig was, het hulle duidelik en deeglik laat geld — tydens die besprekings maar ook buite die konferensiesaal.

Die meeste bittereinders o[...] die nagtelike kampvuur wa[...] ook Pukke.

„Daar is weer nuwe band[...] gesmee en oues verstewig. E[...] dan sien mens met ongeduld[...] en groot verwagting na d[...] ASB-kongres uit wat 'net o[...] die draai lê — en waar elk[...] Puk behoort te wees", aldu[...] mnr. Mulder.

## ASB-KONGRES

DIE ASB-kongres word vanjaar van 30 Junie tot 4 Julie op die RAU-kampus aangebied. Die tema vanjaar is: Verandering in Suid-Afrika.

Die kongres word op 30 Junie deur prof. G. van N. Viljoen, rektor van RAU, geopen.

'n Viertal referate word ook gelewer wat wissel van „'n Nuwe kerk en godsdiensbelydenis of rewolusie of reformasie?" tot „Suid-Afrika en Afrika-détente of konfrontasie.

Hou die plakkate en kennisgewingborde dop.

## Geen probleme . . .

★ *Vervolg van bladsy 1*
sê dat daar geen parkeerteken was nie. Alle parkeerplekke word aangedui. Indien daar geen parkeerteken is nie, is dit geen parkeerplek nie. Elementêr, my liewe Watson.

Die jeremiades dat besoekers voorkeur geniet bó die ingeskrewe studente wat parkeerplek betref, val op 'n onsimpatieke oor. Volgens mnr. G. P. Schoeman, die registrateur, is net twee uit die 720 parkeerplekke op die kampus spesiaal vir besoekers gereserveer. Dit is voor die Hoofgebou. Die ander plekke word deur besoekers sowel as die personeel gebruik. En, sê mnr. Lemmer, die sowat 90 parkeerplekke agter Thaba Jäh vir studente word maar baie skraps gebruik.

'n Boetekaartjie se kleur is wit, en so ook 'n verkeerskennisgewing. 'n Waarskuwingskaartjie is blou. Die digter stel dit mooi: Ek hou van blou . . .

Sedert die instelling van 'n eie verkeersman het die verkeer op die kampus heelwat afgeneem. Die feit dat mnr. Lemmer „konsentreer op die plekke waarvandaan die meeste klagtes kom", het seker heelwat hiermee te doen.

Mnr. Lemmer: „Ek kry baie goeie samewerking en wil vir die Pukke dankie sê". Mooi so, Ma se kind.



Faan van Tonder, oud-Puk en nou televisieregisseur, in 'n ernstige gesprek met Johan en Louis van Rensburg tydens Alabama se televisie-opnames. Mnr. Van Tonder het die skakelfilm, Simfonie van die Wetenskap, geskiet. (Foto: Fotokuns.)

## TAALWAG . . .

Weer eens . . . nie weereens nie.

die WAPAD

# ARME POPS!

**DIE langverwagte massavergadering Maandagaand, het toe 'n groot sukses geblyk te wees, en die twintig persent Pukke wat dit bygewoon het, het beslis waarde vir hul geld in die groot en gerieflike Totiussaal gekry.**

**Arme Pops, wat eintlik hul groot aand moes gewees het, het toe hul ondergang beteken — al stem baie Pukke nou nog saam met baie dinge waaroor hulle kla.**

**Die logiese gevolgtrekking wat mens geneig is om te maak, is dat hierdie mense 'n klomp onbeholpe amateurs is. Dit blyk ook dat hul leiers hopeloos onbekwaam is om Pops se standpunt voor die massa te stel.**

**Maar, as goeie demokrate moet ons hierdie mense nog 'n kans gee om die massa te bereik. Die Wapad wil dan nou 'n uitdaging aan Pops rig om oop kaarte in die Wapad te speel. Dan kan hulle die massa sonder 'n gehakkel of gestotter bereik. As Pops nie dié uitdaging aanvaar nie, weet ons dat hulle die aftog geblaas het.**

# VERKEERD

**IETS wat ook sy kop op die vergadering uitgesteek het, was dat mense oor-en-weer van mekaar probeer kraters maak het — tot groot genoegdoening van die massa.**

**Daar is oor vergaderingprosedure gekêf-kêf en soms is vrae met kwinkslae probeer beantwoord. Juis dit het baie Pukke afgeskrik om hul saak te stel.**

**Onthou net dit, Pukke, almal is nie welsprekende orators wat 'n saak gou op die punt af kan stel nie.**

# V.S.R.

**IN verlede week se Wapad het die Wapad 'n noodkreet om 'n meer verteenwoordigende studenteraad opgemerk. Maandagaand het hierdie noodkreet in 'n hulpkreet opgegaan en van beide kante is nouer en meer verteenwoordigende kontak bepleit.**

**Dalk is hierdie hulpkreet geregverdig. Volgens 'n studenteraadslid het sowat 2 300 Pukke onder die huidige stelsel verlede jaar stemreg gehad. Dit beteken dát meer as vyftig persent se belange nie verteenwoordig word nie. Van hierdie 2 300 stemgeregtigdes, het sowat 900 Pukke gestem.**

**Iewers is daar fout en of dié fout deur 'n verteenwoordigende studenteraad reggestel gaan word, moet nog gesien word.**

# *VREEDSAME NAASBESTAAN*

deur my lens

**MET die geskiedkundige kragmeting tussen die Franse rugbytoerspan en 'n Suid-Afrikaanse veelvolkige uitnodigingspan nog vars in die geheue, het verskeie vrae by my opgekom.**

Ons is vandag almal gesteld op vreedsame naasbestaan, maar wat doen ek in my alledaagse omgang om die verhouding tussen Blank en nie-Blank te bevorder?

### LANDSBELANG

Nou sal u seker vra, maar waarom juis hierdie saak aanraak. Het dit nie tyd geword dat 'n saak van landsbelang soos hierdie weer eens onder ons aandag gebring word nie.

Die toekoms van die Blankebeskawing hang ten nouste saam met sy vermoë om die tradisionele beleid van vreedsame naasbestaan van volke t.o.v. inheemse nie-Blankes te handhaaf.

Ons moet onder meer strewe om die geestelike en fisiese aanslae van buite af te weer en die buitewêreld 'n beter begrip van ons strewe te gee en deur leiding en geestelike opheffing vrede en vriendskap met die nie-Blanke volkere te handhaaf.

### KRAGTIGE WIL

Om dit te verwesenlik, beteken dat daar 'n kragtige wil tot selfhandhawing moet wees. Trouens, die verslapping of prysgawe van beginsels soos ons Christelike-nasionale lewensbeskouing tas die grondslae van ons beleid aan en maak die handhawing daarvan oorbodig.

Die eerste en vernaamste voorwaarde vir die sukses van afsonderlike ontwikkeling is dat ons getrou aan ons Christelike roeping moet bly en waak teen die ondermyning van die Christelike lewenswaardes en gebruike.

### OORDRA

Ons moet bogenoemde ook aan al die ander volke in Suid-Afrika oordra. Dít is 'n goeie basis vir wedersydse agting en goeie verhoudinge.

Dit is juis bogenoemde wat die ander volke 'n vertroue in die Afrikaner se benadering van vraagstukke laat kry het.

### EERLIK

Hoe eerlik is u as leser in u alledaagse optrede en wat doen u om die beginsel van vreedsame naasbestaan in praktyk te realiseer? (REFLEKTOR).

# IN U LIG

*„Vader, as U tog maar hierdie beker van My wil wegneem" (Luk. 22 : 42-. Jesus Christus bid! Hy stort sy hart voor God uit. Hy weet wat kom — Hy weet dat dit die ergste is. Hy moet die dood en hel in, om ons te red. Hierdie beker het Hy van God ontvang en moes dit ledig tot die laaste druppel toe.*

*Jesus Christus gee aan ons ook 'n beker, maar hy is gevul met heil en verlossingsdade. Die beker van die Nuwe Testament — van sy bloed. Jesus Christus het die bittere beker van die dood geledig. Hy gee aan ons die beker van die Lewe.*

# DEMOKRASIE MARSJEER OP SY RUG

**NAPOLEON het dit eens van sy troepe gesê. Die vraag wat ons hier wil vra is of hierdie stelling nie vandag ook waar is van ons hele demokratiese proses, by name veral by die stembus.**

Sonder om in besonderhede te verval, is die basiese idee by die stembus in die demokrasie om d.m.v. meerderheidstem 'n regering te kies wat die publieke voorwaardes vir die lewe en vooruitgang van die nasie volgens sekere voorwaardes (beginsels) op *alle* terreine van die sosiale samelewingsverband moet handhaaf en bevorder.

Hierdie voorwaardes (wetmatighede) is ekonomies, polities, eties ens. van aard en word afgelei van die sosiale, ekonomiese, politieke e.a. beginsels van die sosiale stelsel waarin die nasie georganiseer is, en by name soos 'n party hierdie beginsels wil toepas. Van belang is die feit dat die verskeie aspekte onherleibaar tot mekaar is (dus ook op politieke terrein); die een kan nie oorheers ten koste van die ander of selfs uitgelaat word by die stembus nie, daar die mens tog gelyktydig uit al hierdie aspekte bestaan.

### MENSEREGTE

Hierdie kern van die demokrasie het vandag egter, paradoksaal genoeg in ons tyd van beheptheid met „demokrasie en menseregte", grootliks verval in 'n soort van ekonomisme, naamlik welvaartsverhoging, met die gedagte dat dit al is wat vir die mens tel by die stembus, en nie soseer ook politieke, etiese e.a. beginsels nie. Die slagspreuk van „you never had it so goed" wen inderdaad vandag 'n verkiesing. Natuurlik weet ons dat 'n sterk ekonomie is vandag ook om militêre redes belangrik, maar die saak is nie so eenvoudig op te los nie.

Om maar 'n paar voorbeelde te noem. In die V.S.A. bring die „Unemployment Act" van 1946 mee dat die voorsiening van werkgeleentheid aan elke burger die president se hooftaak op ekonomiese terrein is; iets waaroor hy dan ook jaarliks verslag moet doen in sy „state of the nation adress". Min ander onderwerpe word dit mee gedoen. Wêreldwyd word ekonomiese groei dan ook met groot erns nagestreef, selfs tot die mate dat inflasie reeds as 'n permanente verskynsel in die ekonomiese struktuur ingebed is.

### HITLER

In die vooroorlogse Duitsland het Hitler reeds die waarheid hiervan bewys deur aan bewind te kom grootliks met sy slagspreuke van 'n huis, motor en werk vir elke Duitser.

In Frankryk het die klem op ekonomiese groei, veral deur wyle pres. Pompidou, en die gevolglike feit dat Frankryk nou reeds vir bykans 15 jaar geen grootskaalse werkloosheid ondervind het nie, baie daartoe bygedra om die Gauliste in die saal te hou. Giscard d'Estaing, die briljante tegnokraat, behoort tot 'n minderheidsparty, niemand weet presies wat sy politieke beginsels is nie, en tog regeer hy.

### KOEIE

In Engeland het Chamberlain reeds in die twintigerjare baie steun op die platteland gewerf met sy stelling dat elke burger 'n paar akker grond en 'n paar koeie moet besit. Hy het egter nie gesê waar hy al die grond vandaan gaan kry, en wie gaan al die melk koop nie! Vandag kry ons bv. dat, in swak ekonomiese tye, die Konserwatiewes (kapitalisties) vir die Arbeiders (sosialisties) stem. Die teenoorgestelde gebeur ook.

### OLIEKRISIS

Die onlangse oliekrisis is 'n verdere bewys. In werklikheid kan die hoër prys deur baie min lande bekostig word, en tog vind ons dat in haas geen land rantsoeneringsmaatreëls of selfs besparingsmaatreëls op die verbruiker geplaas word nie; dit is polities 'n te gevaarlike maatreël.

### KOMMUNISME

Die oorsake van hierdie verskynsel is veral tweeledig van aard. In die eerste plek, die allesoorheersende beheptheid van die mens met verbeterde lewenstandaard en die materiële dinge. Politieke partye besef vandag almeer dat massa werkloosheid op die skaal van 1930, die einde van die kapitalisme en demokrasie sal wees. Veral die werkers sal soos een man na die Kommunisme oorgaan. 'n Sterk ekonomie, en nie soseer 'n ideologie nie, word vandag in baie lande as die enigste teenvoeter teen Kommunisme gesien. So groei die Kommunistiese party in Frankryk vandag nie juis veel nie, juis omdat daar geen ekonomiese griewe is om op te teer nie. In die Sweedse welvaartstaat gebeur basies dieselfde met hierdie party. Dit word tewens as een van die hoofredes gesien waarom die Kommunistiese partye in Suid-Afrika nie na wense kan vorder nie.

In die tweede plek, die invloed van die Eksistensialisme, waarin niks *is* nie en alle ideologië en beginsels tot deelwaarhede gereduseer word. Dit verlaag noodwendig die menslike denke tot die horisontale vlak van die materiële.

### SUID-AFRIKA

En wat van Suid-Afrika? Dit word dikwels beweer dat ons politiek nog vry is van hierdie ekonomisme; 'n verkiesing word nog op ideologiese gronde uitgemaak. Ons wil hier slegs enkele stellings maak. Besluit u maar self of dit van toepassing is op almal of nie.

Dit is 'n bekende feit dat die gemiddelde Suid-Afrikaner 'n heelwat groter en luukser huis bou as die Europeër. Motorbesit (totale) onder blankes het die stadium bereik waar daar tans feitlik vir elke man, vrou en kind 'n motor is. Hierdie lewenshouding teenoor verbruik werk noodwendig deur tot die kind. Die beheptheid van studente om die sogenaamde „praktiese vakke" te kies met die uitgangspunt dat beroepskeuse primêr deur salaris en sekondêr deur beroepsbevrediging bepaal word, is iets algemeens vandag.

### SWARTES

'n Belangrike simptoom openbaar hom t.o.v. die beleid van afsonderlike ontwikkeling. Die vraag is: stem ons werklik vir uiteindelike demokratiese regte vir die swartes, of bloot net om ons werk en inkomste te behou? Indien wel, waarom gebeur dit dat vakbonde dikwels die voet dwars neersit wanneer dit kom by die verslap van werkreservering met die uitsluitlike doel om swartes slegs vir soortgelyke poste in die tuislande op te lei?

Besluit u maar self of die skoen pas of nie.

# AFSPRAAK VIR 'N GEBOORTE

**AL OOIT gehoor van induksiegeboortes? Met hierdie nuwe proses is die dae van opgewonde afwagting van die kleinding om sy verskyning te maak, iets wat soos mis voor die son verdwyn.**

Deur nou presies te weet op watter dag die kind gebore word, kan die ma reël dat die res van die gesin goed versorgd is tydens haar verblyf in die hospitaal.

### BRITTANJE

In Brittanje word daagliks een uit elke drie babas deur die proses van induksie (aanhelping) gebore. Daar word van bestraling gebruik gemaak om te bepaal of die ongebore kind al oud genoeg is om gebore te word — sodoende kan die geneeshere dus die geboorte vervroeg.

Induksie beteken dus bloot die indusering van membraanonttraksies in die baarmoeder, deur die toediening van geneesmiddels, wat dan 'n geboorte tot gevolg het.

### OKSITOSIEN

'n Maklike proses is byvoorbeeld die intraveneuse toediening van die hormoon, oksitosien, in die arm van die moeder. Dié hormoon veroorsaak dan 'n reëlmatige sametrekking van die baarmoederspiere, met die geïnduseerde geboorte tot gevolg. Induksie veroorsaak wel in sekere gevalle erge pyn, maar verhaas daarenteen kindergeboortes en daarvoor kan 'n vrou wat 13 uur in kraam behoort te wees, baie dankbaar wees.

Die oorspronklike hoofdoel van induksie was slegs om mediese oorwegings — soos byvoorbeeld die geval waar die baba nie op die vasgestelde tyd gebore kan word nie, of as die moeder se bloeddruk te hoog is, of as die wagtyd die lewe van die moeder kan beteken.

### VOORDEEL

Die voordeel aan die proses verbonde, dat dit die pynperiode van geboortes en in die besonder moeilike geboortes baie verkort.

### NADEEL

**Een nadeel van 'n induksiegeboorte is dat dié babas direk na geboorte meer gespanne en angstig is as dié wat normaal gebore word.**

# NUSAS SE SKIP GEKELDER BY DURBANSE KAMPUS

**STUDENTE van die Durbanse kampus van die Universiteit van Natal, het in 'n referendum besluit om van Nusas weg te breek.**

In dié referendum het die studente met 1 082 teen 836 stemme besluit om hulle van Nusas los te maak. Die persentasie stemming onder voltydse studente was 52 persent.

Drie ander kampusse is nog by Nusas geaffilieer: Wits, Kaapstad en Pietermaritzburg.

FINAAL

Die Studenteraad sal die finale besluit moet neem om van Nusas weg te breek. Meeste van dié raad se lede is waarskynlik ten gunste van die behoud van Nusas-bande. Hulle sal moeilik die wense van die meerderheid studente kan ignoreer.

Mnr. Tony Elton, een van die konserwatiewe studente se leiers, het gesê dat die studente hulle nou kan toespits om as lede van 'n universiteit te werk en nie om hulle met politiek en ander sake te bemoei waarmee die studente niks te doen het nie.

ONVERSKILLIG

Mnr. Tony Gordon, voorsitter van die Nusas Studenteraad, het die studente van onverskilligheid beskuldig. Hy het gesê daar wag 'n moeilike besluit op die Studenteraad, maar „dit is op swart en wit dat die studente wil wegbreek.

KWAAI SLAG

Vir nog 'n Durbaniet, mnr. Karel Tip, president van Nusas en een van die genooides na Mosambiek se onafhanklikheidswording, was die slag nog kwaaier.

Volgens mnr. Tip is die wegbreking die werk van 'n klompie konserwatiewe studente wat nie kans sien vir die rol wat studente in Suid-Afrika behoort te speel nie. Hy glo ook dat Durban binnekort weer sal affilieer. — (Irawa).



... Tip, 'n gevoelige slag. (Nux).

## MATIES SING

**DIE gevierde Universiteitskoor van Stellenbosch tree Woensdagaand 25 Junie om 20h00 in die Konservatoriumsaal op. Die koor staan onder leiding van Philip McLachlan.**

Professor Pieter de Villiers beskou hierdie koor as een van die beste, indien nie die beste, kore in die land. Die koor is in Suid-Afrika sowel as in die buiteland hoog aangeskrewe.

Besprekings kan by die Konservatorium gedoen word. Die toegang is R1, R1,50 of R2.


**Terwyl jy vir jou studie sorg, sorg die Standard Bank vir jou.**

Studentplan is 'n sak vol finansiële skemas wat deur die Standard Bank ontwerp is om die lewe vir studente makliker en aangenamer te maak.

1. Studenteleningskema. Lenings tot R4 000 teen ongelooflike lae rentekoerse met maklike terugbetalings.
2. Gratis maandelikse ekonomiese Oorsig van die Standard Bank. Noodsaaklike leesstof vir enigeen wat in die ekonomie en die sakewêreld belangstel.
3. Stanza, spesiale versekeringspolis vir studente. Lewensdekking en beleggingsvoordele. Premies so laag as R2,80 per maand.
4. Studentespaarrekening. Geen kostes nie. Tot R100 per week kan by enigeen van ons 860 takke getrek word.
5. Tjekrekening. Alle rekenings kan per tjek of aftrekorder betaal word. 'n Nuttige statussimbool vir 'n student.
6. Plusplan-rekening. Minimumsaldo van R500, met stewige rente op daaglikse saldo bereken. Aftrekorder-fasiliteite.
7. Flexirand-beleggingsertifikate. In eenhede van so min as R100, en jy kan tot 90% van die bedrag wat jy belê het, terugleen. Jy trek hoë rente, maar die geld is nog steeds tot jou beskikking wanneer jy dit nodig het.

Daar's nog baie meer voordele aan Studentplan verbonde – te veel om hier te noem. Maak 'n draai by die naaste Standard Bank en kry 'n brosjure met volledige besonderhede.

Standard Bank

Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk (Geregistreerde Handelsbank)

**Op die Standard kan u staatmaak**

LINTAS SB/11737/202/A


# Viëtnamese oorlog eis 95 persent burgerlikes

T. Clegg

**DIE weerbaarheidsgroep — of dan eerder: die Kavalierasters — laat nie op hulle wag nie. (Sal jý stilsit as jy hoor dat die aardbewings op Potch vinniger op mekaar volg en al hoe hewiger raak?)**

Bogenoemde was ingesluit in 'n praatjie oor Burgerlike Beskerming deur kol. Frik le Roux. Hy het die Kavalierasters — en ander — Donderdagaand, 15 Mei, toegespreek. Die hulpmiddels waarvan hy gebruik gemaak het, naamlik vyf rolprente, was indrukwekkend en leersaam.

Kolonel Le Roux het 'n kort oorsig gegee oor die geskiedenis van burgerlike beskerming in S.A. Sedert 1960 is hierdie organisasie aktief op die been. Die derde regeringsvlak (die plaaslike owerheid) is primêr verantwoordelik vir burgerlike beskerming. Aan die hoof hiervan staan die stadsklerk. Dit is sy taak om te sorg dat voorsiening gemaak word en voorbereidings getref word vir 'n moontlike noodtoestand.

Burgerlike beskerming het, volgens kol. Le Roux, uiters min te make met die aanwending van wapens. Sy definisie van burg. b: die gekoördineerde aanwending van alle persone wat 'n moontlike bydra kan gee om die gevolge van 'n noodtoestand op te ruim. ('n Noodtoestand is 'n abnormale stel van omstandighede wat 'n gebied tref).

Kol. Le Roux verduidelik kortliks wat 'n ramp is. Drie soorte rampe word ondervind.

1. Mensgemaakte rampe: dit is trein, vliegtuig en fabriekrampe. Die nadraai hiervan is mense wat beseer, ontwortel en verwilderd is.
2. Natuurrampe: dit is aardbewings, oorstromings, hongersnood, epidemie, orkane (in S.A. wél moontlik — dink maar aan Rhoodepoort en Rustenburg).
3. Vyandelike optrede: oorlog is besig om subversief van aard te word.

Kolonel gee 'n paar syfers om in gedagte te hou. In die Eerste Wêreldoorlog het 5% burgerlikes gesterf teenoor die 95% van die militêre mag.

Sedertdien het die persentasie gesneuweldes heeltemal geswaai.

In tabelvorm:

| | | |
|---|---|---|
| Eerste Wêreldoorlog | 5% | 95% |
| 2de Wêreldoorlog | 48% | 52% |
| Koreaanse Oorlog | 84% | 16% |
| Viëtnameese Oorlog | 95% | 5% |

Burgerlikes eerste genoem en Militêre Mag tweede genoem.

# TWEE NUWE SELLE, KAMP EN KONTAK

**TWEE nuwe Korpselle is gestig in Hombre en Heimat/Uitspan. Mnr. Tjitte Wener en Barry van Rensburg is onderskeidelik voorsitters van hierdie selle. Daar is nou 18 Korpsselle in die koshuise op die kampus.**

Die skakelkomitee van Korps het hierdie jaar baie uitwaarts beweeg:

- Kontak oorsee word gesoek met soortgelyke christenjeugverenigings as Korps. Vir hierdie doel is 'n tweetalige inligtingstuk opgestel.
- Twee konferensies met die Student Christian Association met Wits is in die vooruitsig. Die eerste konferensie vind op die Puk plaas op 13 en 14 Junie.
- Die moontlikheid van affiliasie by die International Federation of Evangelical Student word ondersoek.

EERSTEJAARSKAMP

Die jaarlikse *Eerstejaarskamp* is weer op hande. Dis 'n opleidingskamp wat uitsluitlik vir eerstejaars aangebied word om hulle te bekwaam in algemene leierskap. Die kamp word deur Korps in samewerking met die S.R. aangebied. Verlede jaar het 130 eerstejaars die kamp bygewoon. Omdat die belangstelling vir '78 Aktueel, wat gedurende die naweek van die 24e Junie plaasvind, so groot is, sal twee kampe aangebied word. Verdere inligting is by alle Korpsselleiers beskikbaar.

VERGADERINGS

Twee baie suksesvolle programvergaderings is die afgelope tyd aangebied. „70 persent Pukke moet weg" het by die paneelbespreking in die Totiussaal 450 mense getrek. Prof. Christi Coetzee het Sondagaand 29 Mei 'n hoogs motiverende boodskap gelewer toe hy sy ondervindinge met oorsese Christene geskets het van die uitgebreide reis wat hy oorsee gehad het. Daar is o.a. 4 miljoen Christene in Suid-Korea waarvan net $1\frac{1}{2}$ miljoen Rooms-Katoliek is. Die ander is protestante.

PROF. TJAART

Prof. Tjaart van der Walt is die spreker oor die onderwerp „'n Christelike Volkverhouding" op 'n programaand wat op 23 Junie aangebied word.

## STUDENTERAAD GEE HANDIGE BOEK OOR VERGADERPROSEDURE

**OP 'n onlangse Studenteraadsvergadering is besluit om vyftig boekies oor vergaderprosedure aan te skaf. Hierdie boekies sal dan as diens aan die studente by die Penningmeesterskantoor verkoop word.**

**„Prosedure by vergaderings" van Hattingh en Van Wyk de Vries is 'n standaard werk in Afrikaans oor vergaderprosedure. Die boekie was 'n lang tyd uit druk, maar in 1974 is 'n hersiene, verbeterde uitgawe weer uitgegee deur Perskor.**

**Vir enige bestuurslid, voorsitter, voornemende voorsitter of selfs gewone lid wat meer van vergaderprosedure wil weet, is hierdie boekie 'n moet.**

**Die Studenteraad nooi enige PUK wat graag die boekie wil aanskaf om dit by die Penningmeesterskantoor te kom koop. Dit kos maar 95c.**

## SKAAKKLUB BEDRYWIG

**TEN spyte van aanslae uit alle oorde (veral van akademiese kant) is die skaakklub nog heel bedrywig.**

**Die jaarlikse kampioenskapsreeks is al iets van die verlede en hier het Marthinus Schutte met eer uit die stryd getree en is hy as die nuwe kampioen gekroon.**

**Die Wes-Transvaalse Skaakliga het op 3 Junie 'n aanvang geneem en daar kan dit net beter met ons gaan. Ons het die eerste wedstryd op Buffelsfontein met $2\frac{1}{2}$—$3\frac{1}{2}$ verloor. Ons gaan nog teen Orkney, Klerksdorp, Parys, Kroonstad, Mooirivier en Pote speel en het alle hoop om beter as verlede jaar te vaar.**



**Johan (van Alabama-faam) en Rina van Rensburg wat onlangs uit Amerika teruggekeer het. (Foto: Fotokuns.)**


**Platsaktoer na Europa**

**Kontak prof. G. N. van den Bergh. Geskiedenisdepartement Frans du Toit**

**—WP**



'n Toneeltjie uit 'n Pophuis deur Ibsen wat vanaf 13—27 Junie deur die Dramadepartement aangebied word. Elize Scheepers is Nora wat voel dat sy soos 'n pop behandel word.

# 'N POPHUIS — IBSEN

**VIR hulle personeelaanbieding het die Dramadepartement vanjaar 'n Ibsenstuk gekies. Dit is „'n Pophuis" wat vanaf 13—27 Junie onder regie van Peet van Rensburg, bygestaan deur Anna Neethling-Pohl, aangebied word.**

Naas Hedda Gabler is 'n Pophuis seker Ibsen se bekendste drama. Veral die vroulike hoofrol is baie gesog. Elize Scheepers vertolk die rol van Nora. Haar man, Torvald, word gespeel deur die nuwe dosent verbonde aan die Dramadepartement, Aldo Behrens.

Veteraan Anna Neethling-Pohl speel self ook in die stuk. Ander rolle word vertolk deur Henk Wybenga en Laurika Behrens.

GELD VERVALS

Die stuk speel af gedurende Kerstyd 1860. Dit is die verhaal van Nora wat in haar eie huis soos 'n pop behandel word. As sy dan in 'n poging om haar man te help, geld vervals, word haar vervalsing deur 'n prokureur aan haar man bekend gemaak.

Hierdie prokureur het haar eers afgepers. Sy onthulling is 'n poging om sy werk waaruit Torvald hom ontslaan het, terug te kry.

Nora verwag dat haar man die skuld op hom sal neem, maar sy word ontnugter. Hy is nie bereid om sy eer ter wille van haar op te offer nie.

MENSEKENNIS

Hieruit blyk Ibsen se geweldige mensekennis. Hy is bewus van die verskille tussen man en vrou. Net soos Torvald sal geen man sy eer opoffer nie. Hy sal al sy geld gee vir 'n vrou, of doodgaan selfs, maar nie sy eer nie.

Hierdie optrede van Torvald laat Nora 'n kentering ondergaan. Ná agt jaar vind sy uit dat hy nie die man is wat sy gedink het nie. Sy besluit om weg te gaan. Vir die eerste keer handel sy soos 'n redelike denkende mens en nie soos 'n pop nie.

Sy mensekennis het Ibsen laat besef dat 'n vrou weer dinge net tot op 'n punt kan verduur, en nie verder nie. Dan gaan sy weg soos Nora.

Hierdie Noorweegse dramaturg was die eerste skrywer om realisme op die verhoog uit te beeld. Die dinge wat hy op die verhoog gewaag het het die gehore van sy tyd geskok.

'n Pophuis is die Dramadepartement se tweede Ibsenstuk. Hulle het Hedda Gabler in 1967 aangebied.

Bespreking kan by Pro-Rege gedoen word.

# Alabama na Rhodesië

**DIE Julie-vakansie en die spreekwoordelike Alabama-toer lê om die draai. Alabama is druk besig met die finale afrondingswerk aan hul program en die gedempte klank van orkesmusiek kan elke aand buite die Totiussaal gehoor word.**

Alabama spog vanjaar met 'n splinternuwe choreograaf. Hy is die bekwame Geoffrey Sutherland wat veral bekendheid verwerf het vir sy choreografie van die musiekblyspel Joseph and the Amazizng Technicolour Dreamcoat.

Sutherland het in 1967 uit Brittanje geïmmigreer en is tans in Johannesburg woonagtig. Hy kom spesiaal in vir die oefeninge. Volgens Peet Ryke, die voorsitter van Alabama, doen hy uitstekende werk. Hy ontwerp ook die décor.

Die hele groep bestaan vanjaar uit 48 lede. Ook die koor is groter as gewoonlik met 28 lede in plaas van die gewone twintig. Hulle kort nog net 'n penningmeester.

BLYSPELE

Hulle program sluit onder andere musiek uit musiekblyspele soos Oliver, Goodbye Mr Chips, Music Man en See-Saw in. Verder is daar musiek van Jacques Brel, gewilde „gemoderniseerde" Afrikaanse liedjies, oorspronklike Louis van Rensburg-komposisies en liedjies uit die buiteland wat nog nie tevore in Suid-Afrika gehoor is nie.

Hierdie program is die werk van die musiekregisseur, Louis van Rensburg in samewerking met Peet Ryke.

KOMEDIANTE

Dana Niehaus jr. en Frans Kruger tree as komediante op. Hul regisseur is die bekende oud-Puk Abri le Roux. Hy woon tans in Pretoria, maar omdat hy al 'n lang pad saam met Alabama geloop het, het hy nie omgegee om weer te help nie.

Die beligting beloof om vanjaar nog beter as tevore te wees. Groot aankope en verbeterings is ten opsigte van klank en beligting gedoen. Daar is ook meer stelle kostuums as ooit tevore laat maak.

Alabama toer vanjaar na Rhodesië. Die toer duur die hele vakansie. Hulle reis met 'n Springbok-Atlas safaribus, 'n kombi en 'n groot meubelvervoerwa en sleepwa vir al hul tegniese apparaat. Vanaf Salisbury vlieg hulle terug Johannesburg toe.

TELEVISIE

Gedurende die toer word 'n dokumentêre program van een uur oor die groep gemaak. Dit sal oor televisie vertoon word. So ook 'n spesiale halfuur-lange program oor hul opvoerings self wat sal begin draai sodra hulle in Salisbury aankom.

Alabama tree vanaf 5—9 Augustus in die Totiussaal op. Alle belangstellendes moet net daarop let dat besprekings reeds die laaste week van die kwartaal vanaf 23 Junie by die S.R.-kantoor gedoen kan word.

Die opvoerings op Klerksdorp vanaf 21—23 Augustus kan ook aanbeveel word. Die groep tree daar in Klerksdorp se pragtige skouburg op. Vanaf 26—30 Augustus tree hulle in Johannesburg op.



LOUIS VAN RENSBURG

# MAGNUM FORCE

CHARLES BRONSON kom maak weer 'n draai in CINEPUK na DEATH WISH met sy optrede in die rolprent MAGNUM FORCE. Vir die met goeie senuwees en wat lief is vir pistole wat gate deur harde staal kan skiet is hierdie rolprent 'n moet.

In hierdie rolprent is Bronson seker op sy heel beste te sien. Dit is 'n fliek vol aksie en drama wat jou op die punt van jou stoel sal laat sit vir die heel aand.

CINEPUK kon nog geen defenitiewe datum vir die vertoning van hierdie rolprent gee nie aangesien ALABAMA die saal gebruik vir oefening, maar met die kennisgewingbord vir flieks nou reg voor die saal kan almal maar die bord dophou vir 'n kennisgewing. Die fliek sal ongeveer op 13 Junie vertoon word.

# P.U.-koor vier taaljaar

**DIE universiteitskoor het die jaar goed begin met hul geslaagde optrede tydens 'n sangfees in Vanderbijlpark. Vanjaar se koorleidster is Ria Nel, bekend vir die sukses wat sy met die Ambassadeurskoor behaal het.**

**Die program bied 'n wye verskeidenheid. Dit wissel van tradisionele Afrikaanse volksliedere en Neger-geestelike liedere tot ernstige musiek. Werke van Gastoldi, Handl, Hugo Distler, Schütz en andere sal uitgevoer word. Toonsettings van Pieter de Villiers sal ter viering van die Taaljaar ingesluit word.**

**Voor die toer sal die volgende optredes plaasvind: 21 Junie: Vanderbijlpark; 22 Junie: ABKK-program vir die gemeenskap van Potchefstroom: hier sal gewyde werke uitgevoer word. 'n Optrede in Promosa word ook beplan.**

**Die toerprogram is as volg: 27 Junie: Ventersdorp; 28 Junie: Lichtenburg; 30 Junie: Rustenburg; 1 Julie: Optrede te Bloemfontein by die Universiteit se 25-jaar viering: 'n eie program word aangebied, asook optredes saam met kore van Pretoria, RAU, Bloemfontein en Stellenbosch; 1 Julie: Brits; 2 Julie: Warmbad; 3 Julie: Potgietersrus; 4 Julie: Tzaneen; 5 Julie: Phalaborwa; 7 Julie: Witrivier; 8 Julie: Barberton; 9 Julie: Middelburg; 10 Julie: Witbank; 11 Julie: Springs; 12 Julie: Krugersdorp.**

**Na die toer sal die volgende plekke besoek word: Klerksdorp, Potchefstroom, Delareyville, Ottosdal, Germiston, Carletonville, Randfontein en moontlik Pretoria. Groot dinge is beplan en die hele koor is entoesiasties om weer eens 'n sukses van nog 'n jaar te maak.**

# ROD IS HIER

Crystelle Smuts

**HY het verlede week hier in Suid-Afrika aangekom, die digter wat vandag meer digbundels verkoop as Wordsworth en Shakespeare. En al twee Oscarnominasies gekry het, vir die filmmusiek van „The Prime of Miss Jean Brodie" en „Champion Charlie Brown".**

Rod McKuen het niks agter hom gehad toe hy begin het nie. Hy is in 1933 in Oakland, Kalifornië, gebore in 'n Heilsleërhospitaal; sy moeder was Clarice McKuen, sy vader? — onbekend. Toe hy twee jaar oud is, is sy ma met 'n konstruksiewerker, wat maar lief vir sy sopie was, getroud. Hy het niks van Rod gehou nie en het hom genadeloos geslaan.

**MISLUKKINGS**

Met slegs vier jaar formele opleiding het Rod op elfjarige ouderdom sy gesin begin onderhou. Hy het eers op 'n beesplaas gewerk, later in die houtkapperskampe en in 'n beskuitjiefabriek en hy het ook al skoene verkoop. Voordat hy leër toe is, was hy 'n plateomroeper en het soms van sy gediggies oor die lug gelees. Toe mense sy talent begin aanvoel het, het dit begin beter gaan. Sy eerste stukkies filmmusiek was mislukkings, maar seuns soos Henry Mancini en Jay Livingstone het hom aangemoedig om meer te skryf.

**JACQUES BREL**

Hy het begin skryf in vliegtuie, busse, en as hy stap vloei woorde en musiek deur sy kop. Hy het gevind hy werk die beste onder druk: Jacques Brel se melodie het nie Engelse liriek gehad nie, Rod het die woorde van „If you go away" in 'n huurmotor op pad na die opname-ateljee geskryf. Hy het musiek geskryf vir sy gedig „Stanyon Street" en dit op 'n Glenn Yarborough-plaat gesit. R.C.A.-platemaatskappy was beindruk en het hom gebel om te hoor waar hy dit gekry het. Hy het geantwoord dit kom uit 'n boek wat hy geskryf het, en het vir hulle 'n posbusadres gegee waar hulle dit kon bestel. Daar was nie so 'n boek nie maar Rod het aan die werk gespring en later 'n boek uitgegee wat oor 65 000 kopieë verkoop het.

Dit was die begin en verskeie ander digbundels het gevolg. Vandag word sy werke dwarsoor die wêreld geniet en op kolleges en universiteite bestudeer. Hy het ook al meer as anderhalf-duisend popliedjies geskryf en oor 'n 100 miljoen plate verkoop.

**LEWE**

Hoewel hy beter dig as wat hy kan sing, is Rod daarvoor bekend dat hy alles wat hy het in sy liedjies sit en is hy in staat om 'n intieme atmosfeer op die verhoog te skep. Hy besit die gawe om in eenvoudige taal en tog op unieke wyse 'n mens se aandag te vestig op 'n kleindaaglikse oomblik, die groot gebeure in mens se lewe en ook die minder aangename. Sy woorde is die lewe en die lewe is sy woorde.



# THE VICTORS


CARL FOREMAN het gehore regoor die wêreld aan die brand gehad met sy rolprent THE GUNS OF NAVERONE. Nou kom hy met 'n nuwe groot treffer: THE VICTORS.

THE VICTORS is 'n verhaal wat strek oor duisende kilometers. Dit volg in die voetspore van 'n afdeling jong Amerikaanse soldate teen die agtergrond van oorlog. Maar THE VICTORS is nie 'n oorlogsverhaal in die gewone sin van die woord nie. Die vuurwerk en geweld van die oorlog is skaars en is eintlik slegs agtergrond vir die lyn van die verhaal — want hierdie is 'n verhaal van mense en plekke en nie van bomme en gewere nie. Hierdie is beslis die grootste opskudding wat CINEPUK nog hierdie kwartaal hierheen gebring het.

THE VICTORS het 'n internasionale rolverdeling van spelers soos Albert Finney, George Hamilton, Romy Schneider, Elke Sommer, Peter Fonda en andere.

Daardie selfde aand sal CINEPUK ook in die voorportaal van die saal 'n uitstalling van wapens hê. Die aand sal daar ook verskeie gaste wees soos leeroffisiere asook oudstryders en lede van die filmmaatskappy.

Die fliek word op die 20ste Junie om 7.30 nm. vertoon.



Met 'n geslaagde optrede agter die rug, sien die P.U.-koor uit na 'n heerlike toer dié vakansie. Vanjaar het die koor ook 'n nuwe koorleidster, Ria Nel, wat bekendheid met die Ambassadeurskoor verwerf het. Vanjaar se musiekkeuse dek ook 'n wye veld, van ligte Afrikaanse volksliede tot ernstige musiek. (Foto: Fotokuns.)

# 'N nuwe gier pak sewe hoofliggame

**'N NUWE gier het die sewe hoofliggame beetgepak: dit is om mekaar beter op bestuursvlak te leer ken.**

Korps Veritas Vincet was die stigter van hierdie „aangename kennis" met ander hoofliggame.

Na twee uitdaagwedstryde van Korps se kant aan Sentrale Sportbestuur en Algemene Diensbestuur is die ander hoofbesture se belangstelling geprikkel.

Korps het 'n deftige pakslae by S.A.B. gekry maar het darem met 5—3 oor A.D.B. geseëvier.

### UITDAGING

Hiermee rig Korps 'n uitdaging aan die hoofbesture van A.B.K.K., S.S.B., P.N.B. en A.O.B. om op eg Calvinistiese wyse te kom kragte meet op die Fanie du Toit-sportterrein.

As jul die uitdaging aanvaar, laat ons weet.

Een voorwaarde egter: Korps se sokkerbal het 'n Calvinistiese agtergrond en moet dienooreenkomstig behandel word (m.a.w. die bal het die vermoë om nét progressief te beweeg na die teenstanders se doelpale).

# TUIE TEEN LIGSPOED NA VERRE GALAKSIES

**MATERIE is 'n begrip wat algemeen goed bekend is. Soos wat teëgesteldes hulle op feitlik alle lewensterreine openbaar, het materie ook sý teëgestelde: anti-materie. Dit is egter moeiliker as wat 'n mens vermoed om 'n realistiese beeld van laasgenoemde te vorm.**

Die begrip is reeds wetenskaplik gefundeer en deeglik bekend in die vakke bemoeid met dié onderwerp en studieveld.

Die elektron as die bekendste elementêre deeltjie is dan ook die deeltjie wat reeds sy anti-materie raakgeloop het, nl. die positron. Uit hierdie ontmoeting is dan die karakteristieke van sodanige botsings bestudeer. In dié proses vernietig die elektron en positron mekaar geheel en al. Getrou aan die behoudswette word energie in enorme hoeveelheid binne verhouding vrygestel.

Die beginsel word reeds van toepassing in atoomontploffings gemaak waar 'n fraksie van die massa van die uraan of plutonium gebruik, in energie omgesit word. In bogenoemde geval word die deeltjie totaal vernietig en alle massa word in energie omgesit.

In bogenoemde geval word die deeltjie totaal vernietig en alle massa word in energie omgesit.

Hieruit is dit duidelik dat dié proses die ontsluiting van geweldige energiebronne inhou.

### ANTI-MATERIE

Aangesien die elektron die elementêre element van die primêre bestanddeel van materie, die atoom is, kan die beginsel uitgebrei word tot die anti-materie in die algemeen. As een metrieke ton kwik by een metrieke ton antikwik gebring word sal dit tot twee ton energie aanleiding gee of te wel 'n biljoen kilowatt. Plutonium wat algemeen vir kernbrandstof gebruik word, kom nie in die natuur voor nie. Dit word daagliks berei (vervaardig). Dit sal ook die geval met anti-materie wees.

### RUIMTES

Die energie wat op dié wyse geskep sal word, kan prakties op alle terreine toegepas word. Een van die groot bates sal wees dat dit die mens in staat sal stel om die ruimte te verken. Dié betrokke onderwerp geniet wye aandag in die V.S.A.

Dit was egter prof. Staniokukovitch van Moskou en sy medewerkers wat die teoretiese beginsels vir die praktiese uitvoering van so 'n projek geformuleer het. Sodoende is die naam „Flying Torch" geskep.

### BOTTELS

Die basiese uitgangspunte is dat die proses in magnetiese bottels beheersd toegepas word. In die vrye ruimte word die uitlating van energie in die vorm van lig gebruik om die ruimtetuig teen feitlik die snelheid van lig in die teenoorgestelde rigting te laat beweeg. Dit is dieselfde beginsel waarop straalvliegtuie gebaseer is. Dit sal egter vereis dat die tuig met behulp van die huidige konvensionele aanjaer projektiele in 'n wentelbaan ver buite die aarde se invloedsfeer geplaas moet word, want sou die energiestraal 'n planeet tref, kan dit destruksie van 'n hoë graad veroorsaak.

### 21 JAAR

Tesame met 'n versnelde medies-biologiese navorsingstempo, sal die mens binne 21 jaar die middelpunt van ons Melkwegstelsel bereik, m.a.w. prakties alle sonnestelsels in die relatiewe nabyheid van ons sonnestelsel. Die hele proses hou natuurlik verband met die kontraksie van tyd soos bevat in die relatiwiteitsteorie. Dit sal moontlik word om die Andromeda galaksie, die naaste aan ons galaksie (Melkweg) binne 28 jaar te bereik en dus binne 60 jaar terug te keer. In dié tydperk kan die fisiese verval van die liggaam tot 'n minimum beperk word.

Hierdie tydperk geskied egter binne die tydsdimensie van die ruimtevaarders. Die mens se tydsgebondenheid sal hom egter weer inhaal want op die aarde sal dan 4 500 jaar verstryk het, solank as wat die mens sy eie geskiedenis op die stadium ken.

Dit blyk dus dat die nuwe Columbus nie na sy vaderland sal kan terugkeer nie, maar wel die nuwe wêreld sal moet verken en bewoon.

Wat 'n wonderlike vooruitsig!

# Liberalia vier fees ter ere van Republiek

**LIBERALIA** het op Saterdag 31 Mei groot feeste gehou nadat seremoniële optogte en toesprake die overture tot 'n feestelike Republiekdag was.

Liberalia se weermag het ook opgetree en die mag van drie is deur onderkorporaal Koos Laas geïnspekteer.

Giep van den Bergh het daarna in sy Vohn Joster-stem die skare van vyf-Karlienmeisies welkom geheet.

Die verrigtinge is met 'n saluut van 14½ kettieskote afgesluit. Weens die verroeste rek het meeste van die meelbomme tussen die rasende skare geval.

# Dankie vierdejaars

DIE Wapad wil net aan die vertrekkende vierdejaars in Kommunikasiekunde hartlik dankie vir hul samewerking hierdie jaar sê. Uit hoofde hiervan sal die Wapadredaksie heelwat anders na die vakansie daar uitsien. Mnr. Sam Basch, mej. Jelleke Wierenga, mnr. Jan Habig, mej. Salomé Jacobs, mej. Elsa Kruger en mej. Dia van der Walt moet almal volgende semester praktiese werk gaan doen.

# Skoolseun 'n kranige tjellis

ONDER die deelnemers aan 'n aanbieding van Programmusiek op 19 Junie deur die personeel van die departement Musiek, is 'n veertienjarige skoolseun. Hy is Human Coetzee.

As hy op so 'n jeugdige ouderdom al aan so 'n aanbieding deelneem, kan daar nog baie van hierdie tjellis verwag word.

Die ander deelnemers aan hierdie konsert is Martie Koornhof, Jettie de Vries, Van Zyl Hough, Annemarie Schulenburg, Arie van Namen, Truida van der Walt en Pieter de Villiers.

Hulle speel werke van onder andere Debussy en Moussorgsky.

# FOTIEK



U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

**PRO REGE-PERS BEPERK**

*„die Potchefstroomse boekhandel"*

Tomstraat 86 — Tel. 5236 — Potchefstroom

—WP

# SPORT

## SPORTGIDS

**LANDLOOP**

21 Junie Kokkie Nel padaflos. Dorp Potchefstroom 13h00.

**RUGBY**

PU 1 vs. Fochville 1, President, Fochville 4.00 nm.
PU vs. Fochville 2, President, Fochville, 2.55 nm.
PU 3 vs. Fochville 3, President, Fochville 1.50 nm.
PU 1B vs. Strathvaal 1, President, PU A, 4.00 nm.
PU 2 vs. Strathvaal 2, President, PU A, 2,55 nm.
PU 3 vs. Strathvaal 3, President, PU B, 2,55 nm.
**18 Junie:**
PU 1 vs. Sasok 1, President, Olënpark, 8.30 nm.
PU 2 vs. Sasok , President, Olënpark 6.00 nm.
PU 3 vs. Sasok 3, President, Bosmanpark, 6.00 nm.
PU 1B vs. Westelikes 1, President, Markotter, 8.00 nm.
PU 2 vs. Westelikes 2, President, Markotter, 7.00 nm.
PU 3 vs. Westelikes 3, President, Markotter, 6.00 nm.
**21 Junie:**
PU 1 vs. Potch Dorp 1, Neserbeker, Olënpark, 4.00 nm.
PU 1 vs. Westelikes 1, Neserbeker, Markotter, 4.00 nm.
**25 Junie:**
PU 1 vs. RPM 1, Neserbeker, RPM, 8,00 nm.
PU 1B vs. Potch Dorp, Neserbeker, Olënpark, 8,00 nm.



# PIET MEYER TERUG NA OORSESE SEGETOG

**PIET MEYER, kampioenstapper van die Pukke, Wes-Transvaal en Suid-Afrika, het aan die einde van verlede week uit Engeland en Wes-Duitsland teruggekeer met 'n puik toerrekord.**

Van die vyf stapwedlope waaraan hy deelgeneem het, het hy drie gewen, in een 'n derde plek verower en een keer moes hy weens ongesteldheid tou opgooi. Sy grootste prestasie was toe hy in Chrystal Palace, Londen, 'n eerste plek in die 10 000 meter tydens die Britse Graafskapkampioenskappe behaal het en terselfdertyd die 27 jaar oue S.A. rekord met tien sekondes ver beter het.

Die vermoede bestaan egter dat die ou rekord oor 'n afstand van 6 myl opgestel is, want soveel jaar gelede is nog nie juis van metrieke afstande gebruik gemaak nie. Die afstand van ses myl is sowat een ronde minder as die 10 000 meter.

**SWART ATLETE**

In hierdie gedenkwaardige wedloop het Piet met 66 ander deelnemers meegeding. Onder hulle was twee atlete van Kenia en een van Maleisië. Die Wes-Transvaler was waarskynlik die eerste Suid-Afrikaner om met 'n Keniase atleet op die atletiekbaan kragte te meet sedert die Republiek ongeveer dertien jaar gelede die Olimpiese Spele belet is.

Ná 19 van die 22 rondes was Meyer en die Britse kampioen, Roger Mills, nog kop aan kop, maar toe het hy by hom verbygeskuif. Sy oorwinning, behaal in 'n Pukhempie, is op die Britse televisie vertoon.

Piet moes hom in sy eerste wedloop oor 20 km na 12 km onttrek. Hy was toe maar ongeveer 48 uur lank in Engeland en sy gestel wou nog nie saamspeel nie.

Twee dae later het hy egter vergoed vir sy onvoltooide poging deur die 3 000 meter stapnommer met die Lilian Boardbyeenkoms in Eastbourne te wen met 'n tyd van 12 min. 36 sek., wat slegs 8 sekondes stadiger as sy persoonlike beste tyd is.

**WES-DUITSLAND**

Van Engeland is hy na Wes-Duitsland, waar hy op 19 Mei derde was in 'n internasionale byeenkoms op Freiburg waar Duitsers, Franse en Switsers gestap het. Sy tyd hier oor die 20 km was 1:35,31. Die baan was Piet se grootste teenstander. Anders as in Suid-Afrika het dit opdraendes en afdraendes ingesluit.

'n Week later het hy teen dieselfde stappers te staan gekom en dié keer was hy baas met 'n tyd van 1:32,28. Wéér was sy aanpassing by ongewone toestande besonder snel.

Vir hierdie provinsiale kampioenskappe van Beiere in Fürth het 145 deelnemers opgedaag, een selfs 'n Japanner. Die stappers se roete was deur die strate, war die toeskouers saamgedrom het. Vir Piet was dit een van sy aangenaamste ondervindings om te sien hoe gewild stap oorsee is in vergelyking met plaaslike belangstelling.

Hiervandaan wou hy nog aan byeenkomste in Engeland en Nederland gaan deelneem, maar atlete van Mexico wat ook vir die byeenkomste ingeskryf het, het beswaar gemaak teen die deelname van 'n Suid-Afrikaner. Op advies van die SAAAA wat hom oorsee gestuur het, het die Potchefstromer toe maar huiswaarts gekeer.

Die beskeie Piet praat nie maklik oor sy segetog nie. Hy is nietemin baie in sy noppies met sy pragtige eerste plekke en glimlag breed as hy sê dat hy sy eie verwagtinge ver oortref het. Voor sy vertrek was hy maar skepties dat hy by die oorsese stappers sou kon byhou.

Soos uit sy oorwinnings blyk het hy nie net by hulle gebly nie, maar die bestes uit 'n handvol lande by geleentheid agter gelaat. Daarmee het hy 'n groot deel van die atletiekwêreld weer laat kennis neem van die talent in Suid-Afrika. Dit opsigself verseker dat sy toer geslaagd was.

Vir hom was dit ook 'n belewenis om saam met die Olimpiese kampioen in die 50 km, Berend Kannenburg, te kon oefen.

Die toer het die jong Meyer geweldig gestimuleer en hy kan nie wag om sy eie rekords te herskryf nie. Die beste van hom is nog geensins gesien nie en as hy eers sy Springbokbaadjie kan aantrek, sal hy nog verder gemotiveer wees vir groot dinge.v

*Die Wapad word gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Beperk, Olënlaan 11, Potchefstroom.*

# LANDLOOP OP STILFONTEIN

Deur Annali Cabano

**VERSKEIE Pukke het verlede Saterdag hul staal getoon tydens die inter-provinsiale landloopkompetisie, wat op Stilfontein plaasgevind het.**

Suid-Transvaal, Wes-Transvaal, Oos-Transvaal, Noord-Transvaal en die Vrystaat het deelgeneem.

Gert Doorewaard het twaalfde geëindig en daardeur kwalifiseer hy vir die veelvolkige byeenkoms. Jorrie van der Walt was 22e, Kobus de Beer 29e, Sidney Riekers 34e en Johan van Ellewee 39e.

In die junior afdeling het N. Meintjies 'n agste plek behaal.

In die senior wedloop vir vroue het Rosalie de Klerk vyfde geëindig en daardeur kwalifiseer sy ook vir die veelvolkige byeenkoms. Louise van Biljon wat agste was het die eer om aan die veelvolkige byeenkoms deel te neem net met 20 sekondes misgeloop.




UITSLEEP



VIR AL U ETES BINNE
SLEEPAFSTAND
EN VIR GESELLIGE VERKEER
SAAM MET JOU MEISIE EN
VRIENDE

—WP.